☆ STERRETJIE ☆

14 Augustus 2009 Jaartal 9 No 13

Dagsê,

En was dit darem nie lekker toe die Bokke daardie Kangeroes se sterte so lekker geknoop het nie! Gortopaan het omtrent hoendervleis soos ‘n stoethoender gehad toe daai Steyn mannetjie die klomp van Doer Onder so kelder.

Die klomp Rose van Bleeksielland het Gortopaan omtrent teleurgestel. Ek het so gewens hulle kon die Asse nou reeds wen, maar nou moet hulle dit eers los vir die 20ste Augustus. Hoop maar hulle doen hul ding die keer.

Vodacompark in die Rosestad het mos nou ‘n nuwe ingang. Dis ‘n beesvel. Nogal ‘n bloue! Jammer vir die manne van Petoorsdorp, maar die katjies het julle darem behoorlik skrikgemaak. Oor die slag van Kimberley sal Gortopaan nou nie veel sê nie. Die Poubloues is kookwater en die Streeptruie kan net hulself skop dat hulle hierdie een verloor het.

Dit was darem heerlike somerweer die afgelope week. MAAR, dit wil voorkom of die koue nog nie finaal die wyk geneem het nie.

Die krieketseisoen is in volle swang. Die hoërskool speel hulle eerste rondte proewe hierdie naweek, en die laerskool se liga verpligtinge het begin.

Dansers kry goud!

Op Donderdag 6, en Vrydag 7 Augustus, het twee van ons skool se leerders in Pretoria aan die IFAA se SA Kampioenskappe gaan deelneem. En soos ons nou al gewoond is, het hulle weer prestasies van top gehalte gelewer. Om in aanmerking vir die SA-span te kom, moet hulle meer as 90% behaal in elke item waaraan hulle deelneem. Albei het in die Goue kategorie deelgeneem.
Hanri Panther behaal 91% in Hip-Hop. Adriaan Lazenby behaal 90% vir ballet, 90% vir klopdans en 91,5% vir moderne dans.
Hierdie prestasies het bepaal dat altwee die leerders in die SA-span opgeneem is. Hulle gaan DV volgende jaar in Amerika aan die IFAA wêreldkampioenskappe deelneem. Baie geluk aan die twee en ook aan juffrou Annelize. Dis sommer ‘n bul prestasie.

Adriaan Lazenby en Hanri Panther

Laerskool krieketspelers deur na volgende rondte

Gedurende die vorige week is die eerste rondte krieketproewe van Westelikes vir die laerskoolafdeling gehou. Ons leerders het weer die skool se naam hoog gehou. Pieter Wiid is in die o/11-afdeling gekies. Maghiel le Roux haal die span vir die o/12’s en Danie Maree, Leon Vorster en Johan Cilliers het die span gehaal in die o/13-afdeling. Hulle speel volgende naweek in die finale rondte proewe vir Westelikes.
Baie geluk aan die seuns. Ons weet julle gaan sommer nog puik presteer in die volgende rondte.

Voor: Pieter Wiid en Leon Vorster.
Agter: Danie Maree, Johan Cilliers, Maghiel le Roux.

Hoërskoolproewe

Vandag gaan 'n aantal van ons hoërskoolleerders op Bloemhof aan die Westelikes krieketproewe deelneem. Hulle sal in die o/15, o/17 en o/19-afdeling speel. Baie sterkte aan die seuns. Gortopaan hoop dit gaan sommer voor die wind.

Mini hokkie slaan af

Juffrou Marlize is volstoom aan die gang om haar spannetjie as 'n gedugte eenheid saam te voeg[flans] vir die eerste mini hokkie wedstryd in die skool se geskiedenis wat die komende week sal plaasvind. Gortopaan het die afgelope tyd, so van 'n afstand af, die oefenige waargeneem. Ek moet sê, sal nog moet sien of hulle 'n ronde balletjie kan raakslaan in 'n wedstryd, maar as Gortopaan 'n springhaas was, en hy sien die "girls" aankom, sou hy begin sweet het. Hulle kan 'n stok omtrent swaai! Alle grappies op 'n stokkie. Die klompie dametjies oefen dat die sweet hul aftap, en Gortopaan hoop regtig dat dit alles die moeite werd sal wees. Baie dankie aan Flip Wessels Vervoer vir die borg van die hempies. Hulle lyk al te fraai daarin.

Baie sterkte juffrou, Sterretjie sal volledig berig oor die grootse gebeurtenis.

Lize-Mari Erasmus spog met haar hokkie klere.

Bestuurskomitee/VRL opskop [of is dit hoogskop?]

Op Vrydag, 21 Augustus, bied die VRL van Hoërskool Stella 'n dans in die skoolsaal aan. Die fondse wat ingesamel word, gaan vir die verskillende projekte wat deur die Raad aangepak word. Dit begin om 19:00 en toegang is R50 vir volwassenes en hoërskoolleerders en R25 vir laerskoolleerders. Daar is 'n ete ingesluit by die prys van die kaartjie en 'n kontantkroeg, wat nie net vrugtesap sal verkoop nie, is beskikbaar. Frikkedingeling maak die geraas, so julle kan gerus die skarniere kom losmaak! Kom ondersteun die saak, dit is vir 'n baie goeie doel.

Karate presteer.

Op Saterdag, 1 Augustus, het 'n klompie van die skool se karatekas aan die Stellaland Ontwikkelings- kampioenskappe deelgeneem en baie goed presteer. 16 leerders het deelgeneem en 34 medaljes huis toe gebring, waarvan 17 goud was. Bea van der Linden verwerf brons in Kata en silwer in kumitè. Ingenette Scheepers verwerf silwer in Kata en brons in Kumitè terwyl broer Janco goud in die spankata verwerf. Juan Joubert kry goud in kumitè en spankata en Chanèl Louw het goud in Kata en spankata en brons in kumitè verower. Stefan van der Linden ontvang brons in Kata en Kumitè verower. Gerdus Scheepers kry silwer in kumitè en brons in spankata. Michaela Louw verwerf goud in Kumitè en brons in Spankata. Corinne van Zyl kry silwer in Kata en goud

Voor vlnr: Bea vd Linden, Janco Scheepers, Tineke vd Linde, Stephan vd Linden, Juan Joubert, Chanél Louw,en Ingenette Scheepers. Agter vlnr: Michaela Louw, Ruan vd Linde, Anneline Pieterse, Freddie vd Linde, Brandon Lofty-Eaton, Anèl Retief, Corinne van Zyl en Gerdus Scheepers.

in Kumitè terwyl Rieneke van der Linde goud in Kata, Kumitè en Spankata verower. Anèl Retief en Anneline Pieterse verower albei goud in Kata en silwer in Kumitè en Spankata. Brandon Lofty-Eaton verower goud in Kumitè en silwer in Spankata. Die twee Van der Linde broer verwerf albei goud in Spankata, Freddie kry goud en silwer in Kata en Kumitè onderskeidelik en Rohan kry silwer in Kata en goud in Kumitè. Baie geluk aan die karatekas. Skop so voort!

Op kultuurgebied is die volgende paar weke baie bedrywig. Die koorfees van Hoërskool Vryburg vind op die 25ste Augustus plaas. Ons skool stuur weer 3 kore. Kom ondersteun hulle asseblief.

Die aand van die 27ste Augustus vind ‘n belangrike gebeurtenis plaas. Die hoërskoolafdeling bring twee eenbedryf toneelstukke op die planke. “Braaiboud” en “Die trane die rol oor jou Bokkie” is die 2 stukke. Kom geniet die aand saam met ons en oefen die lagspiere. Baie sterkte aan juffrou Alta en haar spelers. Ons sien baie uit na die toneel.

Dan herinner ons weer net die ouers aan die ouervergadering wat op die 7de September om 07:45 in die OSOB saal gehou sal word. Bring elkeen net een ander ouer saam sodat ons goed deurdagte besluite kan neem.

Geniet die naweek saam met u kroos. Hoop nie dit is te koud nie. Gortopaan hoop nie daar is party manne wat die kerk Sondag mis omdat hul rugbyspanne verloor het nie.

Langenhoven reken: Daar is mense wat die grote wêreld wil verbeter, maar jy sou die werk nie aan hulle toevertrou as jy nagaan hoedat hulle hulle eie plekkie in orde hou nie.

Mooi loop.

Gortopaan